

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die vrug van die Gees wat die deugdes is waarmee ons God se wet gehoorsaam en die ondeugdes wat die deugdes van die gees 'n magsvertoon van God se goddelike lewe en goddelike krag binne mense maak. Dit wys dat die moderne Christelike dit wat die Woord van God noem "om te swig voor die begeertes van jou sondige natuur", aan die kerk voorhou asof dit die nuwe Christelike lewe sou wees. Hulle preek die gees van afgodsdienste en maak Jesus die afgod wat in Pinkstertyd mense met goddelike krag bemagtig, terwyl Christus die Here is wat aan ons die Gees gee wat ons met die vrug vervul waarmee ons God se wet kan gehoorsaam. Hulle laat mense swig voor hulle sondige natuur in die bygeloof dat dit 'n beter en kragtiger manier is as om God deur die vrug van sy Gees te gehoorsaam.

Liturgie 1. Psalm 139: 1 – 3; Evangelielesing Kolossense 1: 21 – 23 2. Lied 200 1 en 3; Wetslesing Kolossense 3: 1 – 14 3. Lied 528: 1 – 3; 4. Lied 438: 1 en 2.

Skriflesing Esegieël 36: 24 – 30; Galasiërs 3: 2 – 5; 5: 13 – 26; 6:2.

Teks Gal 5: 25 "Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie."

Tema Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

1. Ons gaan vanoggend 'n voorbeeld gebruik om vir ons die boodskap van hierdie teksgedeelte in die Bybel te help ontdek. Die voorbeeld gaan oor 'n pa en 'n seun en werk.

Wanneer 'n pa lief is vir sy seun, dan laat hy sy seun saam met hom werk. Dit is soos wanneer 'n pa iets bou en sy seun vir hom die sand, sement en klip met 'n kruitwa nader bring om beton te maak vir sy bouwerk. Saamwerk vir so 'n pa en 'n seun gaan oor saamleef. Hulle wil saamwerk want dit is net nog 'n manier waarop hulle met mekaar saam is.

Wanneer 'n pa soos 'n baas is vir sy seun en sy seun sy werker laat wees, dan gee die pa die opdragte om die sand en sement en klip met die kruitwa aan te ry en dan los hy sy seun om ander goed wat vir hom belangriker is te gaan doen.

Wanneer jy saam met jou pa werk wat saam met jou is en jy vir hom die kruitwa stoot, dan is dit wat jy vir hom doen, jy stoot die kruitwa. Wat dink julle gaan gebeur wanneer die pa bevele gee, wegloop en sy seun soos 'n arbeider los om kruitwa te stoot – en die seun sien pa se bakkie staan met die sleutels by die sand, die sement en die klip?

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

Gaan hy die hele dag so alleen kruitwa stoot of gaan met pa se bakkie sommer gou-gou alles vinnig doen, al mag hy nie pa se bakkie gebruik nie? As pa sy baas is en hy is sy pa se werker, gaan hy mos vir sy pa die werk baie gouer en nog beter doen met pa se bakkie.

2. Galasiërs wys ons dat die Here in ons die volgende lewenshouding en ingesteldheid skep deur sy Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Die ontdekking wat ons in die Bybel moet maak is dat hierdie lewenshouding en lewensgesindheid is die krag waarmee die Here ons toerus. In Galasiërs 3 verse 5 stel Paulus : “Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?” Hierdie vers wys dat Jesus Christus vir ons deur sy kruisiging die Heilige Gees van Esegël 36: 24 – 30 gee. Die kragtige werk van die Heilige Gees van Esegël 36 is Christus wat:

- ons as gelowiges uit alle volke bymekaar te maak en deel van sy kerk maak
- ons van al ons onreinheid en afgodery bevry
- ons kliphart verwyder
- ons 'n nuwe hart gee
- sy Gees in ons gee wat sal maak dat ons sy gebooie gehoorsaam.
- God met ons is en ons sy kinders met Hom laat wees.

Hierdie kragtige toerusting is die Here Jesus se krag. Dit is nie ons krag nie. Hierdie kragtige werke is wat die Here Jesus ook met ons doen, dit is nie iets wat ons vir Hom doen nie.

3. Die Here gee deur sy kragtige werking vir ons die krag wat in Gal. 5: 22 genoem word die vrug van die Gees. Deur sy krag om vir ons hierdie belofte van die Gees waar te maak, gee die Here ons as sy kinders nuwe krag, nuwe menslike krag om as mense mee te leef. Die krag wat die Here ons gee is die vrug van die Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Dit is die ontdekking wat ons moet maak oor dit wat die Bybel die vrug van die Gees noem: dit is die menslike krag wat God ons gee, deur die kragtige werk waarmee die Heilige Gees met ons besig is

Só! Wanneer ons as mense vir die Here bid en vra om vir ons krag vir die lewe te gee, dan is dit die krag wat God ons gee om saam met Hom en ons medemens te leef: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

Die kinders, lyk hierdie vrugte vir julle na verskriklike sterk krag om mee te lewe: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing? Gewone mense sien dit elke dag as gelowiges se swakheid. Dit wat mense dink swakheid is, is die krag wat God ons gee om saam met Hom te leef.

4. Omdat hierdie krag so maklik soos swakheid kan lyk, moet ons weet vir watter werk gee die Here ons hierdie krag, die vrug van die Gees!

Paulus stel dit sommer aan die begin van hierdie gedeelte. Hierdie is die krag waarmee ons mekaar in liefde dien, soos wat die wet van God ons wys hoe ons diens aan mekaar moet lyk. Gal. 5: verse 13 en 14.

Hierdie Tien Gebooie wat ons wys hoe om God en mekaar in liefde te dien, noem Paulus in Gal. 6: 2 die wet van Christus. Hy stel dit só: “Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.

Die krag wat die Here ons gee om diensbaar te leef volgens sy wet, is altyd die liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Hierdie is die werklike menslike krag waarmee ons die dienswerk wat God se wet ons wys, kan aanhou doen.

Dit is die Gees wat die Here vir sy kinders beloof het in Esegïel 36:7 : “Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.” Die manier waarop die Heilige Gees ons in die Here se vergifnis laat deel, ons sy kinders maak en met ons leef, gee ons die krag om God se dienswerk te doen volgens sy wet. Die vrug van die Gees is hierdie krag wat God ons gee om God se wet te gehoorsaam: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing

Dit is hoe God maak dat ons sy gebooie gehoorsaam volgens die belofte van Esegïel 36, “Ek sal my Gees in julle gee en sal maak dat julle my gebooie gehoorsaam.” God dreig ons nie om sy wet te gehoorsaam nie. Hy skep in ons die innerlike lewenshouding en verbintenis, die deugdes, waarmee ons die wet van God kan gehoorsaam.

5. Volgens ons voorbeeld werk dit dan só: die Here gee vir ons die liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing om vir Hom kruitwa te stoot omdat ons saamwerk en saam leef.

Is kruitwastoot maklik en lekker? Dit is moeilik en swaar, nie maklik en lekker nie. Wat maklik en lekker is, is om saam met jou pa te mag werk en te weet jy is sy liefde en sy trots. Waar 'n seun met hierdie geloofsekerheid kruitwa stoot, ek is my se liefde en trots,

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

- is kruise stoot sy vreugde en liefde;
- stoot hy kruise met geduld en vriendelikheid;
- vat hy die harde werk goedgehartig op
- en al word hy moeg bly hy getrou kruise stoot;
- stoot hy kruise met selfbeheersing as sukkel hy
- en doen hy sy werk in vrede en met die nederigheid om kruise te stoot.

Wat gee 'n seun die krag om só sy werk te doen? Sy pa wat hom saam met Hom laat werk in sy groot onderneming van huis en store bou omdat sy seun sy liefde en sy trots is.

Dit is die krag wat die Here ons gee om ons dienswerk saam met Hom te doen. Dit is wat die woord "wandel" beteken: om saam te leef en te werk met God vir wie ek as sy kind, sy liefde en sy trots is. Sy saamwees, skep in my die krag om saam te leef en saam te werk.

6. Daar is ook 'n ander manier waarop die wet van God werk. Paulus sê dat hulle wat nie saam met die Here wandel en leef, in sy liefde en trots vir ons leef nie, leef onder die wet! Gal. 5:18. Hier werk die Tien Geboie nou heeltemal anders as wanneer die Tien Geboie die wet van Christus is. (Rom. 8:2)

Kom ons kyk hoe wys ons voorbeeld vir ons hoe leef 'n mens onder die wet van God!

Dit is wanneer 'n seun se pa sy baas word en hy sy pa se werknemer word. Dan leef so seun onder die wet. Hy leef nie meer in die liefde en trots van sy pa nie. Die ergste wat met jou gebeur as jy onder die wet leef, is dat God jou dan alleen los om jou werk te doen wat hy jou gegee het, en dat Hy dan van jou weg gaan om met sy eie groot werke besig te wees. Wanneer jy nie meer saam met God leef en werk nie, maar jy jou werk kry en Hy jou los om met sy werk besig te wees, dan leef jy onder die wet van God.

Dit is kruise stoot alleen en sonder jou pa wat saam is.

So seun verloor sommer dadelik al sy krag om kruise te stoot. Hy verloor dadelik alle liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedgehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing om kruise te stoot. Sy pa wat sy krag was, is weg en daarom het hy glad nie meer hierdie krag om kruise te stoot nie.

Wie nie met God wandel in sy liefde om God se geliefde kind te wees waarop God trots is nie, gaan swig voor sy sondige natuur. Dit is hoe die Bybel dit uitwys in Gal. 5: 16: "Wandel steeds deur die Gees van God, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie."

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

7. Hoe swig 'n mens voor die begeertes van jou sondige natuur?

Dit is soos daardie seun wat alleen kruiwastoot en dan sien maar hier staan pa se bakkie met die sleutels in by die sand, klip en sement! Wat is beter? Om die hele dag te sukkel met 'n kruiwa, nie alles klaar te kry nie en heen en weer nog te mors, of om met een of twee bakkie-vragte alles gou-gou klaar te maak? Met daardie bakkie waarmee jy nie mag ry nie!

Swig beteken om wat jy moet doen, nie meer met die kruiwa te doen nie, maar met die bakkie wat nie joune is nie en waarmee jy nie mag ry nie! Swig beteken om vir God alles wat Hy vra en wys beter te doen met die krag, die naam en lewe van God. Swig beteken dat jy sonde doen as 'n manier om God beter gehoorsaam te wees as die wyse waarop God jou aan hom gehoorsaam laat wees. Dit is hoe ons voor sonde swig: ons glo om te swig voor sonde is 'n beter manier om God te dien met die krag wat Hy ons gee.

Wat glo en verduidelik 'n seun wat wederregtelik sy pa se bakkie vat omdat hy nie wil kruiwa stoot nie? Hy glo en verduidelik vir homself dat hy nou vir sy pa meer kan doen, dit beter kan doen en vinniger kan doen, as wat sy pa vir hom gewys en gesê het.

Swig voor jou sondige natuur beteken dat jy nie meer met die vrug van die Gees aan God gehoorsaam wil wees nie, maar met die krag en lewe van God self. Dit is wat swig beteken, om met God se krag en lewe, jou werk te doen wat God vir jou gegee het.

Dit is altyd wat ons sondige natuur doen – om te wil glo ons is deel van God se eie goddelik krag en lewe, dat ons God se eie goddelik krag en lewe ons eie kan maak en met God eie goddelike krag en lewe ons eie lewe kan leef. En dan glo ons dat om soos die Here te wees, is beter gehoorsaamheid aan God as om mens te wees.

8. Wat wys 'n seun wat saam met sy pa werk en vriendelik, goedgehartig, vol vreugde en met geduld, volharding en selfbeheersing die kruiwa stoot?

Hy wys dat dit sy trots, sy eer en sy liefde is om saam met sy pa te werk. Hy wys deur om vir sy pa te doen wat 'n seun vir sy pa doen, en vir sy pa te wees wat 'n seun vir sy pa moet wees, sy liefde en trots om saam met sy pa te wees.

Wat wys 'n laerskool seun as hy in die straat rondry met sy pa se bakkie met sy vriendelikheid, blydschap en sy vreugde? Met daai glimlag en opgewondheid wys hy hoe lekker dit is om sy pa se krag sy eie krag te maak!

Wat wys so 'n laerskool seun wanneer hy geduld, volhardend en selfbeheersd reg en mooi bestuur met sy pa se bakkie waarmee hy nie mag bestuur nie? Hy is

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

geduldig, volhardend en selfbeheersd sy minagting, sy eiegeregtigheid en sy wetteloosheid teenoor sy pa te wys.

Hy maak die lewenshouding en ingesteldheid waarmee ons in die geloof in God se liefde en trots vir ons moes leef, 'n uitstalling van mag!

Wat is die verskil tussen die vriendelikheid van 'n vriendelike seun agter 'n kruitwa en die vriendelikheid van 'n laerskoolseun agter 'n bakkie se stuurwiel? Die seun wat kruitwastoot wys met sy vriendelikheid sy liefde vir sy pa en sy vreugde om saam met sy pa te wees. Die seun agter die stuurwiel wys met sy vriendelikheid sy magtigheid om sy pa te minag met sy wetteloosheid.

Daarom is die vrug van die Gees altyd die gesindheid en houding waarmee ons die wet van God se dienswerk uitvoer, dit is en kan nooit die sigbare uitbeelding van goddelike mag wees nie. Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, is hoe ons God se wet gehoorsaam, Dit kan en mag nooit wees hoe ons God se krag en lewe vir ander mense uitbeeld nie.

9. Ons is in Pinkstertyd! Die tyd waarin ons die Here Jesus se gawe van die Heilige Gees aan die kerk vier!

Die hartseer, maar gelyktydig ook die skrikwekkende van Pinkstertyd in die moderne Christelikheid van vandag, ook in die NG Kerk, is dat hulle dit die geestelike feesviering maak van die swig voor ons sondige natuur!

Dit is die geestelike feesviering dat ons ons kruitwa vir God se bakkie gelos het en nou vriendelik, vol vreugde, blydschap en geluk met God se bakkie rondry!

Waar sien ons hierdie nuwe geestelikheid op sy duidelikste?

In dit wat hulle met Galasiërs 5: 22 en 23 doen. Vir hulle is die vrug van die Gees nie meer ons nuwe menslike krag om God en mense volgens die Christus se wet te dien nie. Hulle het 'n ander en nuwe krag wat hulle veral weer en weer en weer met Pinkstertyd wil kry en mee wil leef – die krag van God self. Hulle wil met God se goddelike krag en lewe as hulle eie goddelike krag en lewe vervul word.

Die toets is eenvoudig en maklik! Kyk weer na Gal. 5: 22 en 23! Is hierdie die houding en gesindhede waarmee ons God se krag en lewe deur ons moet uitbeeld en laat skyn, of is dit die menslike lewenshouding waarmee ons die wet van God gehoorsaam?

Is dit die manier waarop ons vir God kruitwastoot, dit is, die manier waarop ons die dienswerk volgens die gebooe van God saam met God doen

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

of

is dit die manier waarop ons met God se bakkie rondry en vir mense gesig wys, met 'n vriendelike, vredevolle, blye goedhartige en liefdevolle gesiggie wys ons dat ons God se goddelike krag het en sy goddelike krag uitbeeld?

10. Dit is die verskil van hoe ons hierdie twee teksverse oor die vrug van die Gees hoor! Ons kan dit hoor of as die lewenshouding waarin ons die wet gehoorsaam of as ons uitbeelding en vertoon van goddelike krag en mag binne in ons. Ons kan dit hoor as die liefdevolle dienswerk volgens die wet of as 'n magsvertoon van God se goddelike krag in en deur ons!

Hierdie tekste kan nooit gaan oor die uitbeelding van goddelike krag en mag binne in ons nie. Hierdie deugdes is die vrug van God wat met ons wandel. Dit is nie die vertoon van God se krag nie. Dit is die vrug van God se liefde waarin Hy ons laat leef. Volgens ons voorbeeld is die belangrike om te hoor – dit is die vrug van sy saamwees en saambou.

Die Heilige Gees wat die Here deur sy kruisiging aan ons gee, is altyd die Gees van God se verbondsonderneming in Esegïel 36: 24 – 30. Hierdie Gees is die Gees wat God in ons gee om sy gebooie te gehoorsaam en sy ons volgens sy voorskrifte laat leef. Die Gees wat Christus ons gee is altyd die Gees wat ons krag gee om kruise te stoot, die voorskrifte en gebooie van die Here! En die krag wat God ons gee is die vervulling van sy belofte – Ek sal God saam met jou wees en jy sal my kind saam met my wees. God se saamwees met ons, vervul ons met die houdinge om sy wet te gehoorsaam.

Daarom is dit die wandel met hierdie Gees, die Gees waarin God ons sy kinders laat wees waarin Hy ons saam met hom laat werk as sy liefde en sy trots, wat ons vervul met die vrug van die Gees – die krag om God se wet te gehoorsaam: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

11. Die geestelikheid van alle afgode en alle spiritualiteite is die gees van krag en mag! Dit is altyd God se bakkie-gees!

In hierdie geestelikheid moet jy met God se eie goddelike krag en lewe vervul word, sodat jy nie meer menslik vir God en jou naaste is nie, maar goddelik. So verdraai en verwring hierdie gees alles wat die vrug van God se liefde moet wees, as die vertoning van die uitbeelding van God se krag en mag vir ander mense.

Hulle maak liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing die uitbeelding van God se lewe en krag

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

in jou lewe. So maak hulle van kruise vriendelikheid, bakkie vriendelikheid; kruise geduld, nederigheid en selfbeheersing, bakkie- geduld, bakkie- nederigheid en bakkie-selfbeheersing.

Wat noem die woord van die Here hierdie bakkie vertoon van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing? Dit is alles die praktyke van die sondige natuur!

Hierdie drif van hulle sondige natuur, om met God se krag en lewe vervul te word asof dit hulle eie lewe en eie krag is, noem hulle sommer net so op die klank af die vervulling en doop met die Gees van God. Die Bybel het al met Adam en Eva gewys dat hierdie die drif is van ons sondige natuur: “Die slang sê toe vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie, maar god weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deur alles te ken.” Gen. 3: 4 en 5.

12. Wat is die gawe van die Here Jesus met Pinkster?

Dit is die gawe van God se verbondsonderneming: Ek sal God saam met jou wees en jy sal my kind saam met my wees. Die belofte dat ons in God se liefde, genade, goedheid en barmhartigheid leef. God gee vir ons hierdie lewe en wandel en werk saam met ons in hierdie lewe.

Deur saam met ons te wandel en ons saam met Hom as sy kinders te werk, skep Hy in ons die krag om saam met hom volgens sy wet te werk. God se saamwees met ons, vervul ons met die houdinge om sy wet te gehoorsaam: Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Die wyse waarop ons hierdie gawe ontvang en daarin leef, is alleen deur ons geloof in Jesus Christus wat ons hierdie lewe gee en met ons in hierdie lewe wandel deur sy kruisiging. Dit is hoekom Paulus vir die Galasiërs konfronteer met hierdie vraag: “Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo? So was dit ook met ons, Hy het in God geglo en god het Hom geregverdig.”

Dit is die gawe om met God te werk, kruise te stoot in die sekerheid ek is God se liefde en trots!

13. Pinksterfees in die moderne Christelikheid het die fees van die mens se sondige natuur geword! Dit het die fees geword waar al die geestelikes en predikers van Christus 'n afgod maak.

Hierdie is nie sommer net 'n beledigende, betersweterige en aanmatigende oordeel oor geestelikes en predikers nie. U moet luister na die Pinksterboodskap in hierdie tyd.

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

Dit klink só! Jy is miskien 'n gelowige, maar jy sukkel nog met jou gehoorsaamheid aan die Here. Jy bid maar jou gebed is 'n gesukkel en jy bid sonder krag. Jy probeer die Here gehoorsaam, maar jy struikel nog baie en val nog baie in sonde. Jy leef 'n lewe van val en opstaan, maar jy leef nog nie 'n lewe van kragvolle gehoorsaamheid aan God nie. Jy probeer God en jou naaste liefhê, maar God se krag skyn nog nie deur jou lewe nie! So, wat is die probleem van hierdie gesukkel met jou gehoorsaamheid aan God? Die rede vir jou gesukkel is dat jy vir God wil kruise stoot en nie die bakkie van God wil gebruik nie. Jesus het gekom om vir jou God se bakkie te gee! Jesus het gekom om vir jou God se krag te gee!

So? Dan is Pinkstertyd mos die tyd waar jy jou kruise moet los en God se bakkie moet vat wat Jesus vir jou gereël het om te kry!

Is dit die Gees wat die Here Jesus vir ons kom gee het: die gees wat God se bakkie, God se krag, vat in die Naam van Jesus, of is Jesus die Here wat ons toerus met die gesindhede om vir God kruise te stoot? Dit is, met God saam te werk omdat ons sy liefde en sy trots is!

Die Jesus wat gepreek word as die Jesus wat jou God se krag, God se bakkie gee, is 'n afgod. Die afgodsdien van hierdie afgod wat hulle Jesus noem, is die geestelikheid van ons sondige natuur. Die oorgawe wat hulle met Pinkster preek dat jy God in jou lewe moet innooi, met God se goddelike krag moet vol word, dat jy nie meer self moet kruise stoot nie, is hoe jy swig voor jou sondige natuur. Dit is nie hoe jy God beter dien nie.

Hulle maak van Pinkster die fees van die duiwel! Want dit is net die duiwel wat vir jou kan oortuig dat Jesus gekom het om God se bakkie te vat en jou kruise te los.

14. Daar is net een manier waarop jy voor hierdie sondige natuur en verleiding deur die priesters van die duiwel kan swig!

Wanneer jy glo God is my baas en ek is sy werker. Hy het my met 'n kruise gelos om te sukkel terwyl sy bakkie hier by my is!

Ons kan dit nooit glo nie! Want God laat ons met hom wandel en met Hom werk! Hy gee ons die Gees waardeur ons kruise stoot vir die Here, ons liefde, ons vreugde is. Omdat ons in sy liefde met Hom werk en wandel, stoot ons ons kruise geduldig, getrou, nederig en selfbeheersd.

Hoe kan jy terwyl jou pa met jou saamwerk, hom los en sy bakkie gaan vat? Jy kan dit net in die ongeloof doen, dat God jou baas is wat weg is, nie in die geloof dat God met my wandel en werk nie!

Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie

Kom ons verwerp hierdie gees van krag wat ons wil oortuig om God se krag te vat en ons dienswerk volgens sy wet te los!

Kom ons gaan sukkel met God se kruiwawerk in die blydschap ek leef en werk met Hom vir wie ek sy liefde en trots is.